BEUKES TOERE

Program: Drakensberge

12 - 19 April 2024

Dag 1: Vlieg vanaf **Kaapstad** na **Port Elizabeth** en reis verder per luukse bussie. Ons eerste oornagpunt - **Hogsback** in die **Amatolaberge**.

Dag 2: Ons volg die mooi roete deur Queenstown en by Elliot draai ons af om die pragtige **Barklypas** uit te ry waar ons oornag.

Dag 3: Ons roete vat ons al langs die suidelike hange van die Drakensebrge na **Sanipas** waar ons *TWEE NAGTE* tuisgaan.

Dag 4: 'n Opwindende dag lê voor!! Met **viertrek-voertuie**, ry ons die majestieuse **Sanipas** uit tot in **Lesotho**. Paspoorte word hiervoor benodig.

Dag 5: Na ontbyt vertrek ons om eers by die **Howickwaterval** te stop, voor ons verder reis deur die Natalse Middelande na **Champagne Castle**. Oornag *TWEE NAGTE*.

Dag 6: 'n Interessante dag met **valkeniervertoning** en 'n optrede deur die **Drakensbergse Seunskoor** wag op ons.

Dag 7: Ons volg die pragtige roete deur **Golden Gate Nasionale Park** na **Clarens** waar ons die laaste nag spandeer. Vanmiddag het ons tyd om die gewilde toeriste dorpie te verken.

Dag 8: Vandag keer ons huiswaarts. Vertrek na **O.R. Tambo, Johannesburg** om teen 12h30 daar te wees vir ons vlug huistoe.

Oplaaipunte en -tye word 'n week voor die toer vasgemaak

Ingesluit:
Ontbyt en aandete by oornagpunte, alle toegangsgelde, ervare gids, akkommodasie, luukse vervoer vir maksimum 16 mense en fooitjies vir kelners.

Uitgesluit:
Middagetes, drankies en vleigkaartjies.

Prys:
R17 550 pp wat deel. R3 750 Enkel bybetaling.

Kontak: Cronnie Beukes 078 894 0897 admin@beukes-toere.co.za